higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID

(Eerste vraestel)

NQF VLAK 3

(7601053)

27 November 2020 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

127Q1N2027

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ HOURS
PUNTE: 120

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ‘n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 ’n … is ’n instrument om jou vermoëns, talente, sterkpunte en vaardighede te meet.

A Aksieplan
B POP (‘PDP’) (persoonlike ontwikkelingsplan)
C Vaardigheidsoudit
D SWOT-ontleding

1.2 Vaardighede wat moeilik te vinde is in die arbeidsmark, word … vaardighede genoem.

A skaars
B tegniese
C oordraagbare
D rekenaar-

1.3 Groepsdruk is negatief wanneer dit …

A jou gedrag verbeter.
B jou selfbeeld ’n hupstoot gee.
C jou aanmoedig om die verkeerde dinge te doen.
D jou beïnvloed om die regte dinge te doen.

1.4 … is ’n aansteeklike siekte.

A Hipertensie
B Diabetes
C Cholesterol
D Tuberkulose

1.5 Om te … beteken om werkverbande verhoudinge op te bou om jou werkvooruitsigte te verbeter.

A netwerk
B kommunikeer
C sosialiseer
D promoveer

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Gee EEN REDE vir elke antwoord.

2.1 Logiese denke is denke wat ongeorganiseerd en emosioneel is.

2.2 Veerkragtigheid (‘resilience’) verwys na ’n persoon vir wie die eise van die lewe te veel raak.

2.3 Vrywilligers bied hul dienste en tyd aan en ontvang ’n loon.

2.4 Onbillike diskriminasie is om onverdraagsaamheid teenoor ander godsdiensgroepe te betoon.

2.5 Suid-Afrika se nege amptelike tale weerspieël die land se verskeidenheid.

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 3

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	’n Metode om kontakte vir werksgeleenthede te versamel	A	produktiwiteit
3.2	Aksies wat jou in gevaar plaas en jou aan besering blootstel	B	visuele leerder
3.3	Maak die beste gebruik van jou tyd om ’n taak te verrig	C	stereotipering
3.4	Alle werkgewers mishandel hul werknemers	D	kultuur
3.5	Hou daarvan om met prente en woorde te werk	E	netwerking
3.6	Geloof in die waarde en belangrikheid van harde werk	F	vooroordeel (‘prejudice’)
3.7	Die lewenswyse van ’n bepaalde groep mense	G	SAHRC
3.8	Hou daarvan om aan te raak en te voel	H	gewaagde gedrag
3.9	Om ’n persoon te oordeel sonder om enige persoonlike kennis van hom/haar te dra	I	werketiek
3.10	’n Internasionale liggaam wat menseregte ondersteun	J	moord
		K	UNICEF
		L	taktiele leerder

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 ’n Tegniek wat gebruik word om rympies en akronieme te skep om inligting te onthou, word … genoem.

4.2 Om te … beteken om take te voltooi in volgorde van hul belangrikheid.

4.3 ’n … is ’n metode wat gebruik word om die positiewe en negatiewe aspekte van ’n aksie wat geneem word, te identifiseer.

4.4 ... is die vermoë om op ’n duidelike, selfversekerde en beleefde manier te sê wat jy wil sê.

4.5 … verwys na die standaarde van goeie of swak gedrag.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 5

5.1 Gee TWEE voorbeelde van seksuele teistering in die werkplek.

5.2 Verduidelik kortliks die betekenis van *geldwassery (‘money laundering’)*.

5.3 Defineer die term *werkplekafknouery (‘workplace bullying’)*.

5.4 Noem TWEE organisasies wat gekontak kan word om korrupsie te rapporteer.

5.5 Noem TWEE eienskappe van ’n vrywilliger.

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 Bestudeer Thandiwe se plasing ('post') op haar Facebook-blad en beantwoord die vrae.



[Bron: *www.youthvillage.co.za*]

6.1.1 Noem TWEE vaardighede wat Thandiwe moet hê vir werk. (2)

6.1.2 Thandiwe het 'n pos gesien op loopbaannavorsing ('career research').

Noem TWEE maniere waarop sy haar loopbaannavorsing moet doen. (2)

6.1.3 Noem DRIE voordele daarvan om 'n persoonlike ontwikkelingsplan op te stel. (3)

6.1.4 Noem TWEE plekke waar Thandiwe inligting kan kry oor tendense en vereistes ('demands') in die arbeidsmark. (2)

6.2 Kopieer en voltooi dan die tabel hier onder in die ANTWOORDBOEK deur TWEE verskille tussen *produktiewe gedrag* en *onproduktiewe gedrag* in die werkplek te gee.

PRODUKTIEWE GEDRAG	ONPRODUKTIEWE GEDRAG
(Enige 2 × 1)	(Enige 2 × 1)

(2 × 2) (4)

6.3 Skep TWEE aanmoedigende en sterk slagspreuke oor produktiewe gedrag in die werkplek. (2)

[15]

VRAAG 7

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

TRACY H. SE STUDIETEGNIEKE VIR KOLLEGESTUDENTE

Ek het my studiegewoontes beslis baie verander in die oorgang van hoërskool na kollege. Al wat ek in die hoërskool moes doen, was om my notas blitsvinnig deur te lees en ná ’n halfuur se 'studie' was ek gereed om die te toets af te lê. Boonop het ek goeie punte behaal! Maar in die kollege het my studiegewoontes in duie gestort. Dit neem ’n rukkie om uit te vind watter studiemetode vir jou die beste werk!

[Geneem uit: *http://www.mycollegesuccessstory.com/success-stories/TracyH.html*]

7.1 Verduidelik vir Tracy die OV3H(‘SQ3R’)-studiemetode. (5)

7.2 Noem TWEE maniere waarop Tracy op hoogte kan bly met haar akademiese prestasie. (2)

7.3 Tracy vind dit moeilik om inligting te evalueer.

Verduidelik kortliks DRIE maniere waarop Tracy haar kritiese denkvaardighede kan verbeter. (3)

7.4 Noem VYF gewoontes wat Tracy kan inspan om te verseker dat haar liggaam gesond is en dat sy energiek en goed voel. (5)

[15]

VRAAG 8

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae:

‘Nou!’ fluister Suki. ‘Vinnig, terwyl die opsigter nie kyk nie.’

Met ’n kloppende hart leun Leah teen die winkel se onbemande grimeringvertoonkas (‘make-up display’) en laat glip twee lipstifstokkies in haar beursie. Sy stap verveeld agter haar vriende, Suki and Jill, by die winkel uit, maar in haar hart voel sy benoud.

‘Ek kan nie glo julle het my dit laat doen nie!’ skree Leah.

‘Ontspan,’ sê Jill, ‘almal doen dit soms. En ons het jou nie geforseer nie.’

Leah bly stil, maar sy weet sy sou dit nie op haar eie gedoen het nie.

[Aangepas uit: *https://kidshealth.org/en/teens/peer-pressure.html, 06 Augustus 2019*]

8.1 Leah het pas ’n groot dosis groepsdruk ervaar.

8.1.1 Noem of die gedrag in die scenario hier bo ’n voorbeeld van negatiewe of positiewe groepsdruk is. Gee ’n rede vir die antwoord. (1 + 1) (2)

8.1.2 Leer vir Leah gepaste weieringsvaardighede deur TWEE stellings te gee wat sy vir haar vriende kon sê. (2)

8.2 Lees die volgende aanhaling deur Nelson Mandela:

> 'Vandag is ons 'n nasie wat vrede gemaak het, wat verenig is in ons verskeidenheid, wat die standpunt dat Suid-Afrika aan almal wat hier woon, behoort, nie net verklaar nie, maar ook uitlewe.'

[Gevind in: *www.qoutefancy.com*]

8.2.1 Verduidelik die term *verskeidenheid.* (2)

8.2.2 Noem TWEE voorbeelde van verskeidenheid in Suid-Afrika. (2)

8.3 Gee VIER redes waarom verskeidenheid in die werkplek gerespekteer moet word. (4)

8.4 Noem VIER aksies wat geneem kan word om fisieke en verbale mishandeling stop te sit. (4)

8.5

'Jy is nogal oulik …
vir 'n meisiekind!'

8.5.1 Noem die soort stereotipering wat in die stelling hier bo gemaak word. (1)

8.5.2 Noem of dit positiewe of negatiewe stereotipering is. Gee TWEE redes vir die antwoord. (1 + 2) (3)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C

VRAAG 9

Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae.

Watter loopbaan moet ek kies?



[Gevind in: *www.dreamstime.com*]

9.1 Sam is onseker oor watter loopbaanrigting sy moet volg.

9.1. 1 Verduidelik of dit vir Sam van waarde sal wees om by die beroepe hier bo skaduwerk te doen. Gee TWEE redes vir die antwoord. (1 + 2) (3)

9.1.2 Gee vir Sam TWEE praktiese voorbeelde van hoe sy 'n netwerk gaan opbou. (2)

9.1.3 Terwyl sy skaduwerk doen, besef Sam dat sy haar gevoelens in die werkplek moet bestuur.

Verduidelik VIER vaardighede wat sy moet ontwikkel om persoonlike konfliksituasies op te los. (4 × 2) (8)

9.2 Gee VYF redes waarom onproduktiewe gedrag oneties en geestelik onaanvaarbaar is. (5)

9.3 'Tuberkulose is aansteeklik.'

9.3.1 Dui aan of die bostaande stelling 'Waar' of 'Onwaar' is en gee EEN rede vir die antwoord. (1 + 1) (2)

9.3.2 Verduidelik hoe tuberkulose behandel kan word. (2)

9.3.3 Verduidelik DRIE maniere waarop tuberkulose voorkom kan word. (3)

9.4 Beskryf VYF stappe om korrupsie en ekonomiese misdaad aan te meld. (5)

[30]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 120

Kopiereg voorbehou